# TOM NEWBY SCHOOL EXAMINATION

| Vak | Afrikaans | Eksaminatrise | Mev. J. Meyer |
|---|---|---|---|
| Datum | November 2019 | Totale punte | 40 |
| Graad | 6 | Tydsduur | 1 uur |
| | | Moderatrise | Mev. M. Fourie |
| Spesiale instruksies | Geen woordeboeke.<br>Antwoord op die vraestel. | | |

**Hierdie assessering is opgestel met die gebruik van notas en inligting beskikbaar van die Tom Newby inligting databasis. Die memorandum of rubriek is opgestel tot 'n standaard, maar alternatiewe antwoorde of opinies word in ag geneem.**

| Naam: | Van: | Klas: |
|---|---|---|

**Hierdie vraestel bestaan uit twee afdelings:**

| Afdeling | A: Leesbegrip (25) | B: Taal (15) | Totaal: 40 |
|---|---|---|---|

## AFDELING A: LEESBEGRIP (25)

***Die pers ballon***

1. Martha gee die ballon vir Jason, sonder om na hom te kyk. "Word gou gesond" mompel sy.
2. Sy was maar die derde besoeker, haar ma het haar gemaak saam kom. Haar ma en sy ma werk saam.
3. Hy weet meeste mense hou nie van hospitale nie.
4. Jason weet hy is baie siek. Hy het gesien hoe sy ma en pa huil toe hulle met die dokter gepraat het. Hy is ook al baie lank in die hospitaal.
5. Toe Martha en haar ma weg is skeur hy 'n stuk papier uit sy nota boek.
6. "Ek wens ek kan 'n maat kry" skryf hy.

7. Hy skryf die hospitaal se naam en die vloer nommer op die papier neer. Hy stap tot by die venster en laat die ballon gaan. Die ballon waai om die hoek van die gebou. Hartseer gaan sit hy weer op sy bed.
8. Die volgende dag stap ŉ meisie in sy kamer in, "Ek het jou ballon gekry" sê sy. "Ek is ook alleen" "My naam is Reabetswe" .
9. Sy gee vir hom ŉ boks sjokolade, " Ek het ook gewens vir ŉ vriend, en jou boodskap gekry" sê sy.
10. Hy glimlag terwyl hy vir haar die boks hou dat sy eerste ŉ sjokolade kan kies

**Bron: Aangepas uit letterpile.com**

**220 woorde**.

**Lees die leestuk deur en beantwoord dan die vrae wat volg:**

1.1 Kies die regte antwoord en omkring slegs die **korrekte alfabet letter.**

Jason en Martha ken mekaar want....

a. Hulle is saam op skool.

b. Sy is sy niggie.

c. Hulle ma's werk saam.

d. Hulle ma's is vriendinne. (1)

1.2 Hoeveel mense het al vir Jason kom besoek in die hospitaal?

_______________________________________________ (1)

1.3 Vind die woord in **paragraaf 10** wat vir ons sê Jason is bly Reabetswe is daar?

_______________________________________________ (1)

1.4 Hoe lank het Jason gewag vir sy wens om waar te word?

_______________________________________________ (1)

1.5 Voltooi die sin:

Reabetswe wil net soos Jason graag ŉ _________________ hê. (1)

1.6 Voltooi die **tabel** deur die **regte alfabet** letter neer te skryf. (1)

| | | |
|---|---|---|
| **Eerste gebeur** | | a. Jason laat ŉ ballon vry met ŉ briefie op. |
| **Tweede gebeur** | | b. ŉ Vreemde meisie daag by die hospitaal op. |
| **Laaste gebeur** | | c. Martha kom kuier saam met haar ma. |

1.7 Wat dink jy gaan verder in die storie gebeur?

______________________________________________________________

______________________________________________________________(1)

1.8 Martha kyk nie vir Jason as sy met hom praat nie, wat sê dit vir ons van haar?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.9 Mense hou nie van hospitale nie. Dink jy die stelling is waar? Verduidelik jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.10 Kan dit ŉ ware storie wees? Verduidelik jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

1.11 Reabetswe kom hospitaal toe, nadat sy die ballon gekry het met die briefie. Dink jy dit was reg van haar om hospitaal toe te kom?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.12 Jason is al baie lank in die hospitaal. Hoe voel jy daaroor?

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.13 Het jy van die storie gehou/ nie gehou nie? Verduidelik hoekom jy so voel.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

**Lees die gedig en beantwoord die vrae:**

***Griet en Piet***

Deur Growdine

1 Griet en Piet klim die berg op ŉ draf,

2 ag,die storie is te laf.

3 Die twee is op pad om te gaan water kry

maar langs die pad,
begin hul stry.

“Gee jou handjie, Grietjie lief”
“Nee, los my uit!” sê sy vies.
“Ai Griet, waaroor tog so kwaad?”
Ek sal nooit weer met Sneeuwitjie praat”

Dit is toe wat Griet haar hand wegpluk,
en die emmer uit Piet se hand uitruk.
Piet verloor sy balans en begin gly,
Griet spook tevergeefs om regop te bly.

Hulle rol die berg af teen ’n spoed,
Griet skree die heeltyd” Hiervoor gaan jy boet!!”
Piet moet nou alleen gaan water haal
Griet vergeef nie nog ’n maal.

Griet en Piet doen tog die storie oor,
Het julle nog nooit van ’n kraan gehoor?

**Bron:** Diverse rympies.m4v – YouTube

152 woorde

1.14 Wie is die hoofkarakters in die gedig?

______________________________________________ (1)

1.15 Wie se skuld was dit dat hulle gegly en gerol het? Hoekom?

______________________________________________ (1)

1.16 Watter een van die volgende stellings is waar?
Onderstreep die regte antwoord.

1.16.1 Griet en Piet het berg geklim om te gaan piekniek hou.
1.16.2 Griet en Piet het stadig teen die berg afgerol.
1.16.3 Griet hou van Sneeuwitjie.
1.16.4 Griet was kwaai vir Piet. (1)

1.17 Hoekom het Piet 'n emmer gedra?

______________________________________________________________ (1)

1.18 Griet skree vir Piet "hiervoor gaan jy boet". Verduidelik in jou eie woorde wat dit beteken.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

1.19 Dink jy dit is reg van Griet om kwaad te wees vir Piet omdat hy met Sneeuwitjie gepraat het? Verduidelik jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (2)

1.20 Die gedig is 'n ander weergawe van die Engelse gedig Jack and Jill. Het jy die gedig geniet of nie geniet nie? Motiveer jou antwoord.

______________________________________________________________

______________________________________________________________(2)

1.21 Die gedig eindig waar die skrywer/digter sê:

Griet en Piet doen tog die storie oor,
Het julle nog nooit van 'n kraan gehoor?

Verduidelik in jou eie woorde hoe 'n kraan 'n verskil sou maak in die gedig.

______________________________________________________________

______________________________________________________________(1)

**Totaal vir Afdeling A: 25**

**<u>Afdeling B:</u> Taal en Konvensies**

**Gebruik die gedig, Griet en Piet om die volgende vra te beantwoord.**

2.1 Onderstreep die **eienaam** in die volgende sin.

Piet het gestap om te gaan water haal. (1)

2.2 Sê of die volgende woord 'n **samestelling** of 'n **afleiding** is.

Die woord **<u>alleen</u>** is (reël 16) is 'n ______________________________ (1)

2.3 Skryf die volgende sin oor in die **indirekte rede.**

**Piet sê "Die emmer is swaar."**

______________________________________________________________ (1)

2.4 Verdeel die volgende woord in **lettergrepe** en dui aan of dit **oop of geslote** is:

**versigtig** ______________________________________________ (1)

2.5 Skryf die volgende sin oor in die **toekomende tyd.**

**Hulle stap saam die berg op.**

______________________________________________________ (1)

2.6 Skryf die volgende woord in **meervoud:**

**pad (reël 3)** __________________________________ (1)

2.7 Skryf die volgende sin neer in die **ontkennende vorm**:

**Griet hou Piet se hand styf vas**.

______________________________________________________(1)

2.8 **Ontleed** die volgende **sin**:

**Griet en Piet het daardie berg vinnig geklim.**

**2.8.1** **daardie** is 'n _____________ voornaamwoord. (1)

**2.8.2** **vinnig** is 'n ______________ voornaamwoord. (1)

**2.8.3** **geklim** is 'n ________________ . (1)

2.9 Voltooi die tabel deur die **trappe van vergelyking** te gee van **kwaad**. (2)

| **Stellende trap** | **Vergrotende trap** | **Oortreffende trap** |
|---|---|---|
| kwaad | 2.9.1 | 2.9.2 |
| | | |

2.10 Gee die **verkleining** van **emmer**: _______________________ (1)

2.11 **Skryf** die volgende sin oor in **die bedrywende vorm:**

Griet en Piet het 'n emmer vol water gedra.

_____________________________________________________(1)

2.12 **Voltooi** die sin deur die regte **voorsetsel in te vul**:

Ons het vir Piet _________________ die pad raakgeloop. (1)

**Totaal Afdeling A: /25**

**Totaal Afdeling B: /15**

**Groot Totaal: /40**

**Grade 6 Afrikaans Exam November 2019**

**Performance analysis**

(For teacher use only)

## Section A ( 25)

| Question # | 1.1 | 1.2 | 1.3 | 1.4 | 1.5 | 1.6 | 1.7 | 1.8 | 1.9 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible Mark | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Learner Mark | | | | | | | | | |

| Question # | 1.10 | 1.11 | 1.12 | 1.13 | 1.14 | 1.15 | 1.16 | 1.17 | 1.18 | 1.19 | 1.20 | 1.21 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible Mark | 2 | 1 | 1 | 2 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 2 | 2 | 1 |
| Learner Mark | | | | | | | | | | | | |

## Section B (15)

| Question # | 2.1 | 2.2 | 2.3 | 2.4 | 2.5 | 2.6 | 2.7 | 2.8 | 2.9 | 2.10 | 2.11 | 2.12 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Possible Mark | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 | 1 |
| Learner Mark | | | | | | | | | | | | |